

# Die Fontein

Wysheid uit die Woord

HELP! Ek moet aftree!

Wees wys op sosiale media

Pappa en Mamma, hoe vorentoe?

## DIE MAAND IN DIE FONTEIN

NOVEMBER 2025

### Redaksioneel

**01** Uit die redakteur se pen

### Geestelike groei

**02** Woordoordenking

**03** Wysheid uit die Woord

**05** Dikkop word "speedcop" –  
Moeder Natuur.

**06** Pappa en Mamma, hoe vorentoe?

**08** Wees wys op sosiale media

**09** HELP! Ek moet aftree!

**10** Gebedsversoeke

### Gemeentenuus

**11** Terugblik op 60-jaar feesviering

**12** 'n Oggend van saamkuier

**12** Lidmate kamp Saam

**13** Kerkfinansies

**14** Diakonie: Kongres

### Rubrieke

**15** Welkom!

**16** Kollig: Diakonie bestuur

**17** Dit borrel in my!

**18** Blokraaisel

**19** Het jy geweet?

**20** Diere en voëls van die Bybel

**21** Tienerfokus

### Kinderhoekie

**22** Kortverhaal

**23** Kleuterpret

**24** Jongmensjolyt

### Advertensies

**25** Snuffelfontein

**26** Blokadvertensies

**Teks vir die maand:** “Maar jy, bly jy by dit wat jy geleer het en waarvan jy vas oortuig is, omdat jy weet by wie jy dit geleer het, en omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus.”

## Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer

Daar is vandag heelwat menings oor wat wysheid is. Wikipedia beskryf dit as 'n kombinasie van kennis, ervaring en gesonde oordeel wat individue in staat stel om wyse besluite te neem en hul lewens op 'n vervullende en betekenisvolle manier te leef.

Maar wat sê die Bybel oor wysheid? Daar is veskeie tekste in die Bybel wat wysheid beskryf, maar een wat vir my uitstaan is die een in Spreuke 9:10 wat sê: “Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig”.

Een ding is duidelik – om wys te wees hoef jy nie noodwendig slim te wees of 'n wye kennis te besit nie. Jy kan hoeveel grade agter jou naam hê, maar as jy God nie ken in jou besluite en optrede nie, help 'n oormaat van kennis jou nie. In Spreuke 3:5 en 6 staan daar: “Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop”.

Ons mag ook bid vir wysheid. Dink maar hoe Paulus vir die Efesiërs gebid het dat God deur sy Gees aan hulle wysheid gee en Hom so aan hulle openbaar dat hulle Hom werklik kan ken. (Efesiërs 1:17). Ook uit Jakobus 1:5 leer ons: “As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid ...” Ons kan dus sê dat 'n innige verhouding met die Here en om te luister na sy Woord, 'n onmisbare bestanddeel van wysheid is. Ons tema vir die maand is dus “Wysheid uit die Woord”.



Ons artikels spreek 'n aantal lewenssituasies aan waar ons as gelowiges met wysheid ons besluite moet neem. Dink maar hoe opstandige en eiewyse tieners kommer in ouerharte kan wek en waar die ouers besluite moet neem tot hul beswil. Dink ook aan die situasie waar bejaarde ouers nie meer self verantwoordelike besluite kan neem nie en hul kinders in liefde vir hulle moet intree. Kinders se besluite kan dikwels spanning veroorsaak en hoe moet beide partye dit in liefde hanteer? Lewensveranderende omstandighede, soos aftrede, kan skielike leemtes laat wat kan lei tot selfbeeld aftakeling. Daar is ook 'n artikel wat handel oor hoe om jou hierop voor te berei.

Ons laat val vandeemaand ook die lig op sekere gemeentegerbeure. Om 'n paar uit te sonder – in Oktober het ons feesgevier met die 60-jarige bestaan van ons gemeente. Ons doen 'n terugblik en wys 'n paar fotos van die verrigtinge. Verder het ons susters die senior lidmate weer getrakteer met 'n heerlike ete en ons wil darem vir die res van die gemeente vertel hoe dit afgeloop het.

Lekker lees, en onthou: ons ontvang graag julle kommentaar en skrywes wat ons in ons briewekolom wil plaas. Ons moedig ook almal aan om ons maandelikse blokkiesraaisel in te vul en in te stuur. Dit is groot pret!



## Woordoordekening: 'n Lewe van Wysheid is 'n Ewige lewe

Ds. Attie Venter

**Skrifgedeelte:**

**Spreek 9:1-6 en 13-18**

**Wysheid het vir haar 'n huis gebou met sewe klippilare. Sy het geslag en wyn reggesit, sy het haar tafel gedek en haar bediendes na die stad toe gestuur om van die hoogste plek af te roep: "Kom hiernatoe, almal wat nog moet leer!" En vir dié wat kennis kortkom, het sy gesê: "Kom eet by my, kom drink van die wyn wat ek reggesit het! Neem afskeid van die onkunde, dat julle kan lewe, kom op die pad van die insig!"**

**Dwaasheid is soos 'n vrou wat luidrugtig bly klets, stadig van begrip en sonder kennis van sake. Sy sit by haar voordeur, haar stoel staan op die hoogste plek in die stad, en sy roep na dié wat verbykom, elkeen besig om sy gang te gaan: "Draai af hiernatoe, almal wat nog onervare is!" Sy sê vir dié wat kennis kortkom: "Gesteelde water is soet, kos wat stillettjies geëet word, is lekker!" Dié wat na haar luister, beseft nie dat die dood self daar wag nie, dat dié wat hulle deur haar laat nooi het, klaar diep in die doderyk is nie.**

Wysheid word as 'n vrou voorgehou wat haar permanent op aarde kom vestig het deur vir haar 'n stewige huis te bou. Sy het 'n aanloklike feesmaal sorgvuldig voorberei en die gaste genooi om na haar te kom.

Luister na haar uitnodiging: **"julle wat nog moet leer en kennis kortkom"**. En hierdie kennis sluit alles in wat tot 'n mens se alledaagse lewe behoort. Wysheid oor verhoudings, vriendskappe, werksetiek, gesondheid en soveel meer. Kennis en insig is om soveel as moontlik oor 'n saak te weet, dan kan jy rekening hou met enige moontlike nagevolg. Maar om te leer klink vervelig en nie na 'n avontuurlustige lewe nie. Tog sien ons 'n feesmaal word nie bedien om die leerproses aanloklik te maak nie, die vleis en wyn is kennis en insig. Om te leer en kennis op te doen, is 'n fees en dit maak jou lewe 'n fees, want jy neem ingeligte besluite.

Vanaf vers 13 word die lewe van Dwaasheid ook as 'n vrou voorgehou. Sy het geen kennis oor sake nie en kan dus nie ingeligte besluite neem nie. Sy het niks voorberei nie, het nie 'n gastelys of feesmaal nie, en sy roep na oningeligte verbygangers vanaf haar stoel. Sy het niks permanent of waardevol om hulle te bied nie, en daarom sê sy: Gaan steel iets om te eet. Dit is die lewe!!! Wees avontuurlustig!!! Moenie die ervaring bederf deur vooraf alles uit te vind nie.

Die verskil tussen wysheid en dwaasheid word vergelyk met lewe en dood. Belê daarom in dit wat ewigheids waarde het. Jesus Christus se leringe het die Ewigheid gediën en bedien terwyl ander leermeesters (skrifgeleerdes) se leringe mense in emosionele slawekettings laat beland het. Jesus se Wysheid was volhoubaar en Ewig. Mense van die Nuwe Testament het gedink die Evangelie van die kruis is dwaasheid, maar dit was die Enigste Weg. Hou daaraan vas.



# Wysheid uit die Woord

Henriëtte Mulder

In hierdie lewe word ons deur so baie wysheid gebombardeer. Hierdie groep sê die ding, daardie persoon iets anders. 'n Derde probeer om dit wat hulle in hulle lewe geleer het, oor te dra – om hulle wysheid te versprei.

Soms is daar waarheid in die wysheid, maar ons as Christene vergeet so maklik dat die grootste bron van wysheid tot ons beskikking is. Solank ons die Bybel, God se Woord, kan oopmaak, sal ons die wysheid kan bekom wat die wêreld nie kan bekom nie.

Op die noot is daar dan ook baie vrae oor of ons in vandag se wêreld wysheid uit die woord kan put. Ons dink dat ons lewens soveel anders lyk as die mense van 2 000, 500 of 'n 100 jaar terug. Ja, in 'n mate is dit waar. Danksy tegnologie het die wêreld verklein en so kan ons van ander mense, wêreldwyd, leer. Maar as ons nie eers ons wysheid in die Woord, by God, gaan soek nie, sal ons nooit kan weet of dit wat ons van ander leer, wysheid is nie. Ons sal nie kan onderskei tussen wat God vir ons deur ander se wysheid en kennis wil leer en dit wat die wêreld vir ons wil leer nie.

In Spreuke 1:7 maak Salomo ons al bewus van die volgende:



**“Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag.”**

Dit was jare gelede wat Salomo sy spreuke oorgedra het, maar net omdat ons vandag voel dat ons lewens anders is, maak dit ons as mense nie anders nie. Mense is oor die algemeen dieselfde oor generasies en eeue. Die Spreuke noem in vers 2 dat die spreuke bedoel is om

mense met wysheid te leer en te onderrig sodat ons so kan weet of ander en onself, met wysheid praat.

**“Hulle wysheid het daarin gelê dat hulle met sekerheid geweet het dat God vir hulle is – dus maak dit nie saak wie teen hulle is nie.”**

Buiten dat die boek Spreuke vol wysheid is, kan ons wysheid in elke verhaal van die Bybel leer. Ons kan by Jesus leer dat ons vir dié moet opstaan wat nie vir hulle self kan nie. By Moses kan ons leer dat ons nie van ons roeping af weg kan kom nie, al maak ons ook verskriklike foute of dink ons dat ons nie kan nie. God gee die insig, en is saam met ons met elke tree. Hy versterk ons hande, ons harte en ook ons gedagtes.

## Wysheid uit die Woord (vervolg)



Ons kan by Noag leer dat om gehoorsaam aan die Here te wees, al lyk dinge ook hoe vreemd vir ons of word ons bespot, altyd die beste is. Daniël en sy vriende het self ook deur die gevaar van die dood gegaan, maar nooit het hulle hulle geloof in God verloor nie. Hulle wysheid het daarin gelê dat hulle met sekerheid geweet het dat God vir hulle is – dus maak dit nie saak wie teen hulle is nie.


Wysheid is nie altyd maklik om te herken nie. Soms tref dit ons soos 'n donderstorm en kan ons nie anders as om te luister nie. Ander kere moet ons ons ore gespits hou vir die wysheid wat God vir ons leer.

En wanneer die dag kom dat ons nie wysheid raaksien in die Woord nie, as gevolg van ons eie swakheid, gee Jakobus vir ons die antwoord oor wat om te doen:

**\* “As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.” (Jakobus 1:5).** \*

Dit beteken nie dat God alles gee wat ons van Hom vra nie, maar dit wat Hy weet ons nodig het.

So, ja, ons kan steeds vandag wysheid uit die Woord put – want die Gewer van die Woord verander nie. Sy wysheid sal ewig staan, ons moet leer om te luister.



# Dikkop word "speedcop" – Moeder Natuur.

Elsa van der Walt

Douvoordag ry ek huis toe van kleinkinder-nagtoesig af. Spr. 17:6: **“Die kroon van oumense is kleinkinders”** 2020-vertaling.


Verby die fonteinsirkel in Zambezi Aftreeoord volg ek Dikkop Rylaan en draai links in Hoep-hoep Rylaan. Skielik verskyn 'n volwasse dikkopvoël reg voor my in die pad en spreid haar bruin vlerke wyd oop in die ligte van my motor. Aan die binnekant is die vlerke wit en ek moet duidelik haar boodskap kry om tot stilstand te kom. Ek gehoorsaam haar bevel.

Toe draai sy majestieus om, vlerke steeds wyd uitgesprei, en begelei haar piepklein kuikentjies na die kant van die pad. Haar vlerke sak en ek het weer die reg van weg. Spr. 32:27: **“Sy hou goeie toesig oor haar huishouding”** 1983 Vertaling.

Hieruit leer ons van grootouers en ouers se beskerming, omgee en liefde. Jou kinders, veral tieners, moet hierdie beskerming en omgee ervaar. Dit open julle wedersydse verhouding van vertroue en respek vir mekaar.

## ♥ **Glo jou kind! Vertroue is baie belangrik.**

As jy as ouer rede het tot kommer of wantroue, volg dit op deur kontrole deur ander kanale, sodat, indien jou kind NIE DIE WAARHEID GEPRAAT HET NIE, jy jou aanvanklike vertroue kan bewys en ook die teendeel kan bewys.



## ♥ **Kweek respek deur dissipline van kleins af toe te pas.**

Bedorwe kinders gaan nie nou vir jou luister en respek en waardering toon, as tieners, as dit nie van kleins af geleer is nie. 'n Bedorwe kind word 'n opstandige kind, veral as die ouer nie aan toegewings en eise wil voldoen nie. Buig die boompie solank hy nog jonk is. Spr. 1:8 en 9:

**“My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp nie die onderrig van jou moeder nie, want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en kettings vir jou nek.”** 1933 vertaling.

## ♥ **Luister na jou kind!**

Wees eerder net teenwoordig en kalm as wat jy iets gaan kwytraak wat kan afbreek, al is dit nie goeie nuus nie. Wen jou kind se vertroue dat hy/sy ENIGE nuus met jou kan deel. Oorreaksie gaan niks beteken nie. Toon selfbeheersing, want dis 'n wyse ouer wat eers luister met begrip voordat hy/sy reageer. Spr.18:13:

**“Hy wat antwoord gee voordat hy gehoor het, vir hom sal dit 'n sotheid en 'n skande wees.”** 1933 vertaling.

## ♥ **Reageer met kalmte en sagtheid, want so leer ouers hulle kinders dat vrede en begrip belangriker is as oorwinning in 'n rusie.** Spr. 15:1: **“'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af.”** Ou vertaling.

Kinders is 'n verantwoordelikheid, tog 'n groot seën en voorreg uit die hand van God.



# Pappa en Mamma, hoe vorentoe?

Johnny en Andrie Beumer

Een van die mees sensitiewe prosesse in die verhouding tussen kinders en ouers is wanneer kinders die besluitneming van hul ouers moet begin begelei. Dit gebeur wanneer die gesondheids en/of kognitiewe veranderinge by die ouers hulle veiligheid bedreig. Hier volg 'n paar algemene voorbeelde:

Wanneer die ouer 'n motor bestuur en sy/haar reaksies raak stadiger en ongelukke vind plaas.

Vele bejaardes word geïntimideer deur kaart en elektroniese bankbetalings en verkies om kontant by hulle te hou. Intussen is die samelewing besig om oor te gaan na 'n kontantlose stelsel. Dit bring mee dat kinders hulp moet verleen met finansiële transaksies.

Wanneer die kragte en vermoë om hom/haarself te versorg sodanig afneem dat dit nodig word om versorging te bekom.

Wanneer dit moeilik raak om die instandhouding van die wooneenheid te behartig.

Wanneer ouers onverantwoordelik optree soos bv. die stoof aan vergeet wat brande tot gevolg kan hê, of vergeet om deure te sluit.

Wanneer die bejaarde wat alleen woon verswak raak en die risiko toeneem dat die persoon kan val.



Die vraag is nou hoe die kinders, sowel as die ouers moet optree met wysheid uit die Woord? Die gebod wat ons elke week in die kerk hoor naamlik **“Eer jou vader en jou moeder...”** (Eks. 20:12) is nog steeds van toepassing op die ouer-wordende kind alhoewel die kind in hierdie geval die ouer moet begelei in plaas van andersom.

Gesprekvoering moet dus met deernis, geduld en liefde geskied en die ouer se deelname in hierdie besluitneming is van kardinale belang. (Spr. 23:22) **“Wees gehoorsaam aan jou vader en moeder, jy is hulle kind; en moet hulle nie verag as hulle oud geword het nie”.**

Kinders moet vermy om besluitneming af te forseer en kan liever verskillende opsies voorlê waaroor saam besluit kan word. Luister na die ouers se vrese en toon begrip daarvoor. Gee die ouer/s genoeg tyd, indien moontlik, om gewoon te raak aan die gedagte van verandering. Vir bejaarde ouers is dit geweldig moeilik om hulle selfstandigheid prys te gee.

## Pappa en Mamma, hoe vorentoe? (vervolg)

Soms is 'n fisiese verhuising nog nie nodig nie. In so 'n geval kan daar ten opsigte van die veiligheid van die bejaarde ouer klein aanpassings gemaak word soos bv. relings en handvatsels in die badkamer en noodknoppies wat om die nek gedra word, ens.

Wanneer daar dan op 'n pad vorentoe besluit is, en die bejaarde ouer/s meer afhanklik raak (bv. ouer is oorgeplaas na 'n versorgingseenheid of het nie meer 'n motor nie) dan is dit belangrik dat die kinders nie die ouer/s afskeep nie. Nou het die tyd gekom waar jy as kind jou dankbaarheid vir jou opvoeding kan bewys.

Gaan besoek die ouer gereeld, of reël vervoer wanneer nodig, doen aankope, ens. 1 Tim. 5:4 sê **“Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, moet die kinders leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God”**.

Daar is ongelukkig nie 'n standaard resep nie. Elke geval is uniek, maar die deurlopende lyn wat gevolg moet word, is om die situasie met wysheid en liefde te benader.



# Wees wys op sosiale media

Magda du Toit



Sosiale media word toenemend as 'n fasiliteerder vir kommunikasie ingespan en is ook 'n doeltreffende hulpmiddel om inligting aan familie, vriende en gemeenskappe wêreldwyd oor te dra of te bekom. Werkgewers gebruik voorts sosiale mediaplatforms om meer te wete te kom oor voornemende werknemers.

Voorbeelde van sosiale mediaplatforms:



Webjoernale of mikro-webjoernale soos Platform X (die ou Twitter) en Tumblr



Inhoudgemeenskappe soos YouTube en Pinterest



Sosiale- en professionele netwerkwebwerwe soos Facebook, LinkedIn, Instagram, en Google+



Forums en besprekingsgroepe soos Whirlpool, Google Groups en Reddit



Aanlyn ensiklopidieë soos bv. Wikipedia

Hoewel daar baie voordele aan die gebruik van sosiale media verbonde is, is daar egter ook sekere risiko's. Soos met enige ander manier van kommunikeer, is sosiale media 'n kommunikasiemiddel en kan dit slegs optimaal gebruik word indien dit verantwoordelik gedoen word. Dit vra dat mens met wysheid daarmee sal omgaan.

Die beginsel wat ons in Lukas 6:31 vind, geld by uitstek ook vir sosiale media: **Julle moet aan ander mense doen soos julle graag wil hê hulle moet aan julle doen.** Om ander dus sleg te sê, of kru taal te gebruik is nie net onvanpas nie, dit is ook regstreeks in kontras met hierdie opdrag wat Jesus in die Bybel gee. Boonop kan dit jou in groot moeilikheid bring. Naamskending en laster is kriminele oortredings en jy kan vervolgt word. Om ander te boelie deur opsetlike en voortdurende aggressiewe, onvriendelike en onbeleefde kommentaar te lewer, tel ook hieronder. Respekteer verder jou vriende wanneer jy foto's op sosiale media plaas.

Pasop vir kuberleeglêery. Dit vreet mens se tyd op en kan ook bydra tot 'n gevoel van minderwaardigheid omdat jy jou lewe begin vergelyk met die oënskynlike wonderlike lewens van ander. Onthou ook dat wanneer jy iets geplaas het, is dit vir altyd daar. Dink dus twee keer voor jy foto's plaas wat jy nie wil hê jou ouers of toekomstige werkgewers moet sien nie.

As iemand jou teister of dreig, verwyder hulle van jou vriendelys, blokkeer hulle en rapporteer hulle aan die webwerfadministrateur. Wees versigtig vir skakels in e-posse, twiets, plasings op Facebook en aanlyn-advertensies. Dit is dikwels hoe kubermisdadigers jou persoonlike inligting probeer steel. Selfs as jy die bron ken, vee dit uit as dit verdag lyk.

Laastens, moenie alles wat jy op sosiale media lees vir soetkoek opeet nie. Verifieer altyd eers die inligting voordat jy dit aanstuur of deel.

## Wenke:



Kom meer te wete oor die privaatheid- en sekuriteitstellings op jou sosiale netwerke. Dit is daar om jou te help beheer wie wat sien van wat jy plaas om jou aanlynervaring op 'n positiewe manier te bestuur. Stel jou privaatstellings so op dat dit jou beveilig.

Hou ingedagte dat alle sosiale mediaplatforms publieke forums is en dat ander mense kan sien wat jy op jou profiel sê en doen. Wees versigtig oor hoeveel persoonlike inligting jy verskaf. Hoe meer inligting jy plaas, hoe makliker kan dit vir 'n kuberkraker wees om jou identiteit te steel, toegang tot jou data te kry of ander misdade te pleeg.



# HELP! Ek moet aftree!

Ds. Pieter Kurpershoek

Ek moet aftree! Ek gaan nie meer ten minste 'n derde van my dag (en dikwels nog baie meer ure per dag) my roeping in die werkswinkel, by die kantoor of in die klaskamer uitleef nie. Ek gaan nou (net) 'n pensioen kry.

Soms, veral as ek moeg gespook is by die werk, mag dit lekker klink om af te tree. Maar vir baie van ons is aftrede iets wat ons bang maak. Wat gaan ek met al my tyd doen? Gaan ek genoeg geld hê tot ek oud is? Gaan die lewe nog vir my sin maak, of gaan ek net die hartseer moet beleef dat alles wat ek opgebou het, afgebreek word en dat niemand my na 'n paar jaar nog onthou nie?

Terwyl baie van ons so voel, beplan min van ons egter vir ons aftrede. Ons sal nog finansieel beplan, maar oor wat ons gaan doen en hoe ons die lewe nog sinvol gaan beleef, dink ons min. Dikwels oorval ons aftrede ons amper.

Daarom sien ons by mense wat aftree dat hulle voor aftrede gewoonlik gespanne raak: Ek is onseker oor die onbekende. Na aftrede word die eerste paar maande as wittebroodstyd beleef: Dis lekker om my eie roetine te kan bepaal en nie meer so onder druk te wees nie. Maar dan kom daar dikwels 'n tyd waarin geworstel word: Watter verskil maak ek nog en hoekom leef ek dus nog elke dag?

Daarom is dit goed om sinvol te beplan, om betyds biddend oor my lewe verder te besin. En ja, dit beteken ook dat ek die finansies sorgvuldig beplan. **Maar, kom ek hou van die begin af vas aan die werklikheid dat ons Here sal sorg, soos Hy elke dag van my lewe tot hier gesorg het.** Beplan daarom eerder breër, meer omvattend, vir jou as mens in jou volheid.

Hierin gee die Here self vir ons wysheid. In Numeri 8:23 - 26 leer die Here naamlik vir die Leviëte om af te tree. Vanaf ouderdom 25 tot 50 doen die Leviëte verpligte diens, harde werk wat jou moeg maak, onder andere om die tabernakel en die ark te dra. Maar na ouderdom 50 mag jy nie meer die harde take verrig nie. Tog bly jy na 50 jaar steeds diensbaar, veral aan die Here, spesifiek deur ook jou mede-Leviëte in hul dienswerk te ondersteun. Hoe wys is ons Here nie wanneer Hy dus aandui:


Aftrede is 'n roetemerker op my pad as kind van die Here wat sê:

**Nou kry ek geleentheid om steeds diensbaar te leef, maar sonder die stryd, die geswoeg en gesweet, terwyl ek juis nou ander mense in hul lewenstryd kan bystaan!**

Daarom is dit goed om betyds te besin:

- ★ Hoe gaan ek my tyd na aftrede gebruik om meer verwonderd oor die Here te word?
- ★ Hoe wil die Here die rustiger lewenstempo gebruik om my dieper rus by Hom te laat beleef?
- ★ Watter mense sit die Here op my pad wat ek juis in hul lewenstryd kan bystaan?
- ★ Waar en hoe roep die Here my om sy genade dan te bedien?

Aftrede hoef dus nie hierdie gedrog te wees wat jou laat roep: HELP, ek tree af nie. Nêé, aftrede mag juis 'n tyd wees waarna ek uitsien, want nou gaan ek self rustiger by die Here kan wees en ook met groter rus ander mense in hul lewenstryd kan help!



# Gebedsversoeke - persoonlike Gebed

Carina Pyper

“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle moet My getuienis wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde.”

(Handelinge 1:8)

Vader, mag U genadig wees en  
mag ek guns vind in U oë om te  
groeï en sterk te word deur die

Heilige Gees.

(vgl. Luk. 1:80 & 2:40).

Mag ek toeneem in godelike  
wysheid en geestelike outoriteit

en mag U genade op my rus.

(vgl. Luk. 2:40).



Mag ek verstandelik  
groeï.

(vgl. Luk. 2:52).

Mag ek toeneem in  
guns by U, o God en  
mense sodat ek U  
werk kan doen.

(vgl. Luk 2:40 & 2:52)

Help my om met alle vrymoedigheid te getuig. (vgl. Hand. 1:8)

In Jesus Naam,  
AMEN

(Verwerk uit 'n Bennie Mostert gebedsboek)

## Terugblik op 60-jaar feesviering

Danie Smit

Die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin het op Saterdag **18 Oktober 2025** sy **60ste bestaansjaar gevier** nadat hy op **16 Oktober 1965** gestig is. 'n Geleentheid is met video-opnames en voorleggings deur stigterslede en voormalige predikante, asook 'n feesrede deur ds. Pieter Kurpershoek in die kerkgebou aangebied. Dit is deur 'n gesamentlike gemeente-ete gevolg.

Dr. Pieter Heystek, ons konsulent, het die gemeente deur middel van 'n video-opname met hierdie mylpaal gelukgewens en hy het ook op sy dae as kind in die gemeente teruggekyk. Dit is gevolg deur herinneringe van Ben en Vera Smit asook Bets Muire. Hulle was van ons eerste lidmate en het enkele staaltjies van die beginjare van Pretoria-Annlin gedeel.

Die gemeente het toe na 'n terugblik deur sr. Annatjie Myburg, weduwee van ds. Andries Myburg geluister, oor die jare toe hulle die herderspaar was. Hierna is video-opnames van die vorige predikante van Pretoria-Annlin vertoon. Dit het die vorm van woorde van gelukwensing, asook herinneringe aan hulle tyd in die gemeente, aangeneem. Ds. Attie Venter, prof. Nico Vorster, dr. Heinrich Zwemstra en br. Giepie van der Merwe het ook hulle belewenisse met die gemeente gedeel.

Ouderling Danie Smit, dooplidmaat met die stigting van Pretoria-Annlin, het 'n aanbieding van die ontwikkeling van die terrein en kerkgebou voorgehou. Hy het ook die 60-jaar gedenkblad bekendgestel wat 'n oorsig bied van die kerk se geskiedenis volgens die bedienings-tydperke van die onderskeie predikante, asook hoogtepunte van aktiwiteite waarby die gemeente betrokke kon raak.

Die laaste item op die program was ds. Kurpershoek se feesrede. Hy het beklemtoon dat die Vader ons elkeen vashou, dra en in Christus voluit seën. Die Here Jesus wil ons elkeen gebruik om Sy liefde uit te dra. Hierna het die gemeente na die saal verskuif. Daar is saamgeëet, saamgekuier en hulle eie herinneringe is gedeel.

Die feesverrigtinge is op Sondag **18 Oktober 2025** met 'n Nagmaaldiens afgesluit.

As gemeente gaan ons opgewonde die toekoms in met die wete dat ons Here ons steeds sal vashou, dra en seën.





## 'n Oggend van saamkuier

Onlangs is die gebruiklike Saterdag Senior ete weer vir almal bo 70 in die gemeente aangebied. Dit was 'n oggend van heerlik saamkuier, -sing en -eet.

Hoewel dit gesien kan word as net 'n "lekker" kuier, is dit eintlik soveel meer. Dit wys dat ons omgee vir mekaar en dat ons gemeente se harte vir almal klop.



## Lidmate kamp saam

Verlede naweek het 'n aantal lidmate van ons gemeente by Rots-in-bos saamgekamp. Wat 'n heerlike ervaring was dit om as gelowiges die liefde vir kampering te deel! Dit was eintlik 'n proeflopie om te kyk of dit sal werk en daar is daar en dan besluit dat ons dit in **Maart 2026** weer gaan doen.

Lidmate wat belangstel om deel te word van hierdie kampgroep word uitgenooi om met ouderling **Johan Rossouw** te skakel.





# Kerkfinansies

Die stand van ons gemeente se finansies tot en met einde Oktober, word hieronder uiteengesit.

Alle syfers is in Rand.

|                                    | Oktober 2025          |                       | Jaar tot datum        |                       |
|------------------------------------|-----------------------|-----------------------|-----------------------|-----------------------|
| <b>Inkomstes</b>                   | <b>Werklik (Rand)</b> | <b>Begroot (Rand)</b> | <b>Werklik (Rand)</b> | <b>Begroot (Rand)</b> |
| Lidmaatbydraes ontvang             | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Evangeliesasie-bydraes ontvang     | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Ander inkomste (huur/rente)        | **                    | **                    | **                    | **                    |
| <b>Totale Inkomstes</b>            | **                    | **                    | **                    | **                    |
| <b>Uitgawes</b>                    | <b>Werklik (Rand)</b> | <b>Begroot (Rand)</b> | <b>Werklik (Rand)</b> | <b>Begroot (Rand)</b> |
| Ramings                            | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Instandhouding: Woordbediening     | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Evangelisasie                      | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Emeriti-versorging                 | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Sustentatie Mmakau                 | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Bate-instandhouding & verbeterings | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Administratiewe uitgawes           | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Sosiale bydraes                    | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Jeug                               | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Studentopleiding: kostes           | **                    | **                    | **                    | **                    |
| Totale uitgawes                    | **                    | **                    | **                    | **                    |
| <b>Netto tekort vir die maand</b>  | **                    | **                    | **                    | **                    |

Vir Oktober 2025, het die kerkkas 'n netto tekort van \*\* gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van \*\* gehad. Die lidmaatbydraes vir Oktober 2025 was \*\* minder as die begrote maand lidmaat bydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is \*\* minder as die begrote lidmaat bydraes. Ons versoek asb. die gemeente lede om getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas.

| <b>Instandhoudingsfonds</b> | <b>Oktober 2025</b> | <b>Jaar tot datum</b> |
|-----------------------------|---------------------|-----------------------|
| Spandeer                    | **                  | **                    |

Die bate-instandhoudingsfonds het \*\* spandeer gedurende die maand, en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

# Diakonie

## Nasionale Diakonale Kongres (deel 1)

Die GKSA se nasionale diakonale kongres het op Saterdag, **25 Oktober 2025** by die GK Rietvallei plaasgevind. Die kongres is bygewoon deur diakens van regoor Suider-Afrika.

Die doel van die kongres (waarvan die formaat gesprekvoering was) was om onderlinge eenheid tussen diakens en diakonieë te bewerkstellig sodat die diaken sy/haar roeping doelgerig kan uitvoer. Die tema vir die dag was Eenheid in die beoefening van Christus se liefde.

Van die oogmerke wat bereik wou word was die daarstelling van 'n platform waar die diakens:

(1) vanuit verskillende gemeentes mekaar kon ontmoet, leer ken, kontak besonderhede uitruil en gesellig saam kon verkeer;

(2) die eenheid as kinders van God en ampsdraers in die Kerk van Christus te kon versterk,

(3) onderrig en toerusting kon ontvang vir hul roeping, en

(4) die kongres as platform te kon gebruik vir meer en gereelde onderlinge samewerking.

Die vier belangrikste onderwerpe wat bespreek was:

● Hoe het diakens in die eerste gemeentes gefunksioneer?

(Handelinge 6) – prof. Albert Coetsee

● Wat is 'n diaken se roeping wanneer daar met barmhartigheidsinstansies saamgewerk word? – ds. Jan-Louis Lee

● Hoe pak ons samewerking, ondersteuning en gereelde kontak prakties op “diakonale vlak” aan? – ds. Peter Venter & ds. Herens Nkoana

● Die DDS & SDDS bestaan al dekades. Wie is hulle? Wat is hulle mandaat? Hoe staan hulle ons by, veral wat eenheid en ondersteuning tussen diakonieë betref? ds. Fritz Potgieter & ds. Anton Dednam

Ons gemeente was verteenwoordig deur br. Jan Idema (Diakonie Voorsitter), br. Gerhard van Staden (Diakonie Skriba) en sr. Carina Pyper (Diakones). Die drie verteenwoordigers het waardevolle lesse geleer en ook ondervinding opgedoen wat onteenseglik toegevoegde waarde tot ons gemeente sal teweegbring.

In deel 2 van hierdie artikel sal daar in die Desember uitgawe van die maandblad meer in diepte inligting gegee word oor die vier belangrikste besprekingspunte.

## Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

### Joretha en Nelita Taljaard

Met 'n pa wat die bynaam Dopper het, al is hy emerituspredikant van die NG Kerk Pietersburg-Noord, is dit seker nie onverwags dat Joretha Taljaard by hierdie Dopper-familie deel word nie. Graag wil ons vir haar en haar dogter, Nelita, sê: Hartlik welkom.

In die pastorie-huis in Pretoria-Oos het Joretha as een van drie kinders opgegroeï. Haar een broer bly tans in Engeland en die ander een hier in Pretoria, terwyl haar ouers ook hier noord van die berg bly.

Joretha het mode-ontwerp geswot en het, na haar troue met Cobus, in Thabazimbi gaan bly. Later jare het hulle Pretoria toe getrek waar hulle baie jare in Pretoria-Noord gebly het voordat hulle in Magalieskruin-omgewing ingetrek het. Cobus en Joretha het drie kinders, Nelita, Clarisse en Rico wat al drie nog by hulle in die huis bly.

Nelita doen tans werk in die rekenaarwêreld waar sy 3D-animasiefigure ontwerp. Hiermee leef sy haar kunssinnige aanleg en liefde uit. Joretha versorg en bestuur die laaste klompie jare haar gesin en is ook baie betrokke by haar ouers.



**Clarisse, Nelita, Cobus, Joretha en Rico**

Beide Joretha en Nelita was vroeër deel van GK Magalieskruin, maar het nou gevra om deel van die Annlin-geloofsfamilie te word ... onder andere omdat hulle die besondere oop en gasvrye karakter van Annlin waardeer. Joretha het reeds by die Vrouebediening se Donderdagaand-Bybelstudie ingeskakel en so al 'n hele paar van haar Annlin-sussies in Jesus leer ken!

**Joretha en Nelita: Mag julle voluit hier in ons gemeente tuiskom en mag ons Here julle met elke tree in jul lewe met sy liefde omvou en julle deur sy Gees versterk!**





# Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe

## Bestuur van die Diakonie

Die diakonie is die afgelope jaar besig om van 'n herder/kudde-model, waar daar 'n diaken in elke wyk van die gemeente gefunksioneer het, oor te skakel na 'n diensgroepmodel. Die diensgroepmodel bestaan uit 'n sameroeper (koördineerder) wat 'n diaken móét wees.

Die sameroeper maak van gemeentelede gebruik om **“sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen”**, soos omskryf in die bevestigingsformulier vir diakens.

Die oorsig en koördinering van hierdie diensgroepe word deur die diakonie se bestuur gedoen. Hierdie maand fokus ons dan op die diakonie se bestuur as diensgroep.

Die diakonie word gelei deur 'n voorsitter, 'n tesourier en 'n skriba.

### Voorsitter

Die voorsitter van die diakonie is tans br. Jan Idema. Br. Jan lei die diakonie se vergaderings en lewer die diakonie se verslag aan die kerkraad. Verder skakel hy met ander diakonieë en instansies, soos byvoorbeeld die DDS (Deputate Diakonale Sake).

### Tesourier

Die tesourier is tans sr. Renske Hofmeyr. Sr. Renske is verantwoordelik vir die finansiële state van die diakonie en betalings wat deur die diakonie goedgekeur word. Die finansiële state word met elke diakonievergadering voorgehou vir goedkeuring en die finansiële state word ook in die verslag vir die kerkraad ingesluit.

### Skriba

Die skriba is tans br. Gerhard van Staden. Br. Gerhard notuleer die vergaderings van die diakonie en stel die agenda en inligtingstukke beskikbaar aan mede-diakens voor 'n vergadering. Verder sorg hy dat rekords en argivering van al die diakonie se dokumentasie bygehou word.



# Dit borrel in my!

In die September-uitgawe van Die Fontein het ons begin met hierdie nuwe rubriekartikel. As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid! Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydraes wat deur van ons lidmate ingedien is:

**Verantwoordbaar vir hul verlorenheid:**  
Ek het agtergekom dat die Here 'n sekere groep mense swaar op my hart lê en dat Hy my verantwoordbaar wil hou vir hulle verlorenheid omdat Hy my so baie tyd en geleenthede saam met hulle gee. Die groep mense is die ouers van die seuns wat saam met my kind by die skool sport beoefen. Ons sit weekliks saam langs die sportveld en daar is soveel geleenthede om geestelike gesprekke met hulle te voer en aan die Here Jesus bekend te stel. Ek weet daarom dat dit vir die Here 'n prioriteit in my lewe is om die beste van elke geleentheid gebruik te maak om met daardie groep mense interaksie te hê. Ek bid ook daaglik vir elkeen van hulle by die naam dat die Here se Koninkryk in hulle harte sal kom. Vanweë hierdie fokus het daar nou al baie mooi en diep vriendskapsverhoudinge ontwikkel en geleenthede om met hulle oor die Woord van die Here te gesels. Ek vertrou die Here vir geestelike deurbrake!

**Vraag: Wie is jou sirkel van verantwoordbaarheid? Wie is die groep mense vir wie die Here jou verantwoordbaar gaan hou indien hulle verlore sou gaan?**

**'n Bybel as geskenk het dit begin!:**  
Ek deel graag met julle hoe die Here my onlangs gelei het om met een persoon in gesprek te tree en die geleentheid "opgeduik" het om getuigenis te lewer. Ek gesels met ons huiswerker (wat al vir 'n paar jaar in ons diens is) oor haar geloof en verneem of sy 'n Bybel het. Ek verneem toe dat sy in Christus glo en dat sy wel 'n Engelse Bybel het. Sy is egter van Zimbabwe en Shona is haar huistaal. Ek bekom toe vir haar 'n Shona-Bybel. Haar reaksie by ontvangs van die Bybel het my totaal onverhoeds betrap! Sy was erg emosioneel toe sy met die Shona-Bybel in haar hand staan, dit neersit (want sy moet met haar werk aangaan), net om elke nou-en-dan weer die Bybel in die hand te neem en daaruit te begin lees. Soos dit beskik was, deel sy my mee dat sy die aand 'n Bybelstudiegroep bespreking gaan bywoon en dat sy nou in haar eie taal in die Bybel kan delf vir antwoorde. Hierdie was die begin van opvolggesprekke oor ware Christenskap!

**'n Getuigenis in die winkel:**

By geleentheid waar ek in 'n hardewarewinkel gestaan het, hoor ek hoe 'n werknemer van die winkel die naam "Jesus" herhaaldelik en ydellik gebruik as 'n kragwoord. In alle erns, op 'n taktvolle wyse, het ek dié werknemer vermaan om nie die Here Jesus se Naam so ydellik as 'n kragwoord te misbruik nie, maar die Here se Naam met respek en in gebed te gebruik. Die ander werknemers het die vermaning verstaan en beaam. Ek vertrou dat die werknemer wat die Here se Naam ydellik misbruik het tot nadenke gestem is. Ons is geroep om in nederigheid te getuig oor ons geloof.


# Blokraai November 2025

- ✦ Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- ✦ Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kalender.
- ✦ Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- ✦ Maak 'n kopie/afskrif en voltooi dan die blokkiesraaisel. Vir die gerief van ons ouer lidmate is 'n paar kopieë op die kennisgewingbord beskikbaar.
- ✦ Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- ✦ Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan [fontein@annlin.co.za](mailto:fontein@annlin.co.za) of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte  
blokkiesraaisels:

**Cobie Plomp**

**Naam en van:** \_\_\_\_\_





## Blokraai (vervolg)

### Leidrade - Af:

1. Watter leermeesters se leringe het die mense in emosionele slawekettinge laat beland? (uit: Woordoordenking)
2. Die GKSA se nasionale diakonale kongres het by hierdie GK plaasgevind. (uit: Nasionale Diakonale Kongres)
3. Ons diakonie het vanjaar na die diens\_\_\_ model oorgeskakel. (uit: Bestuur van die Diakonie)
4. Vir bejaarde ouers is dit moeilik om hul \_\_\_ prys te gee. (uit: Pappa en Mamma, hoe vorentoe?)
9. Noag was altyd gehoorsaam, al was hy \_\_\_\_\_. (uit: Wysheid uit die Woord)
11. Medeskrywer van die artikel Pappa en Mamma, hoe vorentoe? se naam.
12. Uit watter Bybelboek lees ons dat Salomo ons bewus maak van: “Kennis begin met die dien van die Here ...” (uit: Wysheid uit die Woord)
14. Voorsitter van die diakonie se naam. (uit: Bestuur van die Diakonie)
17. Kort vir mamma. (uit: Wyse verhoudinge)
19. Kort vir pappa. (uit: Wyse verhoudinge)

### Leidrade - Dwars:

2. Kweek \_\_\_ deur dissipline. (uit: Wysheid uit die Woord)
5. Hy doen die diakonie se dokumentasie. (uit: Bestuur van die Diakonie)
6. Aftrede is 'n \_\_\_ op my pad as kind van die Here. (uit: HELP! Ek moet aftree)
7. Die kerk het uit Jerusalem, \_\_\_ en Samaria gegroei. (uit: Persoonlike Gebed)
8. Hierdie mense het verpligte diens gedoen. (uit: HELP! Ek moet aftree)
10. Plek waar die Jode in gevangenskap was. (uit: Diere en Voëls van die Bybel)
13. Emerituspredikant se bynaam. (uit: ONS LEER KEN ...)
15. Uit watter Bybelboek kom die woorde “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom ...” voor? (uit: Dit borrel in my ...)
16. Jesus het hier na die geleerdes gesit en luister. (uit: Wyse verhoudinge)
18. 'n Gratis aanlyn ensiklopedie. (uit: Uit die pen van die redakteur)

## Het jy geweet?

Gerhard van Staden

**Wysheid in die Bybel moet nie met “slimheid” of ’n goeie algemene kennis verwar word nie. Wanneer die Bybel van wysheid praat, gaan dit oor lewenswysheid, met ander woorde, die kuns om sinvol en gelukkig te kan leef.**

**Dit gaan dus om ’n lewenstyl wat volgens die wil van God ingerig is. Daarom word die Bybelboeke Spreuke, Prediker en Job as wysheidsliteratuur beskou en word daar op ’n bepaalde manier na die lewe en die wêreld gekyk.**

Bronnelys:

Van der Watt, Jan et al. Die Bybel A - Z. Christelike Uitgewersmaatskappy. Vereeniging. 2023



# Diere en voëls van die Bybel

## Watervoëls (Deel 7)



Gerhard van Staden

Hoewel die Jode heel waarskynlik met watervoëls te doene gekry het tydens hul gevangenskap in die Nyldelta, was hulle hoofsaaklik woonagtig in die heuwels van die Beloofde Land. Watervoëls het in die Jordaanvallei en die kusstrook voorgekom.

Die reiers is maklik herkenbaar en daar kom ongeveer 12 spesies in die Beloofde Land voor, waaronder die reuse-, kleinriet-, blou-, nag- en die rooireiers en is meestal trekvoëls. Al die genoemde spesies kom toevallig ook in Suid-Afrika voor.


Van die kleiner soort spesies is die meeu en sterretjies die algemeenste. Visvangers, veral die bontvisvanger, (wat ook hier by ons alombekend is) is vandag nog steeds baie opsigtelik in hierdie gebied.

Waadvoëls (ongeveer 40 spesies) vorm 'n baie groot gedeelte van die watervoëls-groepering. Dit sluit van die wêreld se bekendste trekvoëls in. Waadvoëls is voëls wat in of langs die vlak water langs mere en riviere hou.



Eende en ganse was gereken as die tweede grootste produsent van voedsel naas die voëls wat gejag is. 25 spesies eende en ganse kom in hierdie gebied voor. Daar is geen teksverse wat eende en ganse in die Bybel noem nie. Dit is ook onbekend oor wanneer hulle in die Beloofde Land aangekom het, maar wat wel bekend is, is dat ganse teen Josef se tyd alreeds mak gemaak en as huisdiere aangehou is en in die tyd van Salomo (965 vC) gevoer was.

In die volgende uitgawe (Desember 2025) kyk ons na die jagvoëls en ons sluit in Januarie 2026 die reeks af met die klein voëltjies, spesifiek die swaeltjies en die mossies.



Bronnelys:  
Cansdale, George. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House. 1970.

## Tienerfokus

### Wyse verhoudinge

Henriëtte Mulder

Net soos wat die lewe verander, verander verhoudinge wat ons het, óók. Een van hierdie verhoudinge is dié tussen kind en ouer. lewers kom daar 'n tyd in ons lewens dat die verhouding verander van Mamma en Pappa na Ma en Pa. Daarmee saam gebeur dit dan ook dat ons ons eie opinies vorm, wat raaksien dít wat ons ouers doen wat nie reg is nie, óf doodeenvoudig is daar net dinge waarmee ons nie saamstem nie.

**Die vraag is nou hoe ons hierdie veranderende verhouding hanteer. Hoe praat ons met ons ouers? Hoe reageer ons op hulle woorde en optredes? Hoe kan ons dit goed en met wysheid hanteer?**

Die beste voorbeeld by wie ons hier kan leer is Jesus. Jesus het op 12-jarige ouderdom, tydens die Pasga, saam met sy ouers na Jerusalem gegaan. Tydens hul terugkeer het Sy ouers nie onmiddellik besef dat Jesus nie by hulle is nie. Drie dae later het hulle Jesus by die tempel gekry waar Hy na die geleerdes gesit en luister en hulle uitgevra het. En omdat Maria en Josef maar net mense is, was hulle ontsteld. Hulle wou by Jesus weet hoekom Hy dit aan hulle doen? (Lukas 2:41 – 52)

**“... Só moet ons ook vir God vra om ons hierdie wysheid te gee sodat ons met die liefde en respek van Jesus ons verhouding met ons ouers kan bou ...”**

Dit is net hier waar ons uit Jesus se voorbeeld kan leer. Hy het Maria en Josef die waarheid vertel, maar was nooit ongeskik nie. Hy het hulle onderdanig geantwoord en gehoorsaam saam met hulle teruggegaan. Jesus het nie vergeet dat Hy God is nie, maar Hy het die voorbeeld aan elkeen van ons gestel wat later Sy verhaal sou hoor. Jesus het met Goddelike wysheid opgetree. Só moet ons ook vir God vra om ons hierdie wysheid te gee sodat ons met die liefde en respek van Jesus ons verhouding met ons ouers kan bou, sonder dat ons goedpraat as hulle verkeerd was. Maar met dieselfde onderdanigheid moet ons ook ons eie tekortkominge herken en opreg jammer wees as ons verkeerd was.

Glo dit of nie, ons ouers probeer om ons met wysheid te onderrig, soos wat daar in Spreuke 4 vertel word: My vader het my toe ook geleer en vir my gesê:

**“Wat ek jou sê, moet jy vashou, my voorskrifte moet jy uitvoer, sodat jy werklik kan lewe. Sorg dat jy wysheid bekom, en insig! Moenie my woorde vergeet en daarvan afwyk nie; maak die wysheid jou metgesel, dit sal jou beskerm; as jy dit liefhet, sal dit jou veilig bewaar ...”** (Spreuke 4:4 – 6)

Ons moet saam en vir ons ouers bid sodat dit wat hulle ons leer, en hoe ons mekaar hanteer, met wysheid kom – die wysheid wat ons net van God kan vra.



### Sanet Steenkamp en die Wiskunde-eksamen

Nicola du Plessis

Sterstudent, Sanet Steenkamp, stap by die skoolhek in, gereed vir die dag, salig onbewus van wat sy per ongeluk aangevang het ...

"Lara, hoekom is jy druk besig met Wiskunde?" Lara kyk haar effens uit die veld geslaan aan.

"Uhm ... ek gaan gou weer deur my werk."

"Jy weet ons skryf nie vandag Wiskunde nie, nè?" Sanet klink heeltemal seker van haar saak.

Lara besef skielik wat Sanet gedoen het. "Sanet, ek dink jy het vir die verkeerde toets geleer ..." sê Lara groot-oog.

Sanet pluk haar eksamenrooster uit haar sak. "O, aarde!" Haar oë rek. Sy word bleek. Vinnig besef Lara dat sy nou moet kalm bly. As Sanet nou begin paniekerig raak, gaan hulle die stryd gewonne moet gee.

"Sanet, haal asem, alles gaan fine wees." Lara blaai 'n paar bladsye terug in haar Wiskundeboek. "Daar is 15 minute voor die klok lui. Kom ons begin. As jy die formules ken, moet jy net die syfers vervang. Vir 'n reghoek en 'n vierkant is die omtrek 2 maal die lengte plus twee maal die breedte. Vir die oppervlakte is dit lengte maal breedte. Vir 'n sirkel ..."

Teen die tyd wat die klok lui, het Lara alles verduidelik, maar Sanet lyk of sy enige oomblik by die hek gaan uithardloop. Saam stap die twee meisies by die eksamenlokaal in.

\*\*\*

Twee weke later word die top 10 in elke vak aangekondig. Die hoof se stem dreun oor die luidsprekers: "Die tweede plek gaan aan Lara Langenhoven en ons toppresterder in Wiskunde is ... Sanet Steenkamp."

Sanet se mond val oop. Sy draai na Lara: "Jy moet sowaar 'n beroep in onderwys oorweeg. Wiskunde om spesifiek te wees!"



## Kleuterpret

### Inkleurprent

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!

Ontwerp jou eie voorblad vir jou Bybel.



# Jongmensjolyt

## Aktiwiteit

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak. Help vir Sarie en Pieter om by hul Bybels uit te kom deur die korrekte pad te vind.







## Snuffelfontein



Heerlike ingelegde slaaië beskikbaar!  
-Kerriebone: R90  
-Koperpennie, uie en spaghetti: R80  
-Beetslaai (groot): R70; (klein): R40  
Kontak vir Lorain Deysel by  
084 503 3369.

## Blokadvertensies



**CROSSROADS**  
PRISON MINISTRIES | SOUTH AFRICA

Crossroads Prison Ministries benodig u hulp om die werk van die CPM in oorweging te neem en te ondersteun.

U kan help deur:

'n eenmalige of maandelikse skenking te maak, 'n student of meer te borg (R545 per student per jaar), of 'n bydrae te oorweeg.

Alle donasies is belastingaftrekbaar in terme van Artikel 18A en kan ook as 'n BBEEE sosialeverantwoordelikeheidsbydrae aangeteken word. Vir meer inligting kontak Clarissa by die Kerkkantoor.

**GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN**

# POTJIEKOS

## KOMPETISIE

**TEN BATE VAN TOPIA-BEDIENING**

**14 FEBRUARIE  
2026  
9:00 - 14:00**

**INSKRYWINGS @ R120pp  
KINDERS <12 R50 KINDERS <3  
GRATIS | 8 ETES PER SPAN**

**KONTAK (012) 567 1492**



**INSKRYWINGS EN BESPREKINGSVORM**



SCAN ME

SPANNE BESTAAN UIT 8 PERSONE, POT-EIENAAR VERANTWOORDELIK VIR INSKRYFKOSTES. INSKRYWINGS BEPERK TOT 25 POTTE. PRYSE VIR TOP 3 SPANNE, ANDER PRYSE VIR BESTE OPGEMAAKTE STASIE. ETES BESKIKBAAR VIR PERSONE NIE DEEL VAN SPAN @ R120PP - BESPREK VOORUIT.

## Blokadvertensies

Almal word hartlik uitgenooi na GK Pretoria-Annlin se

# KERS-GELEENTHEID

**SONDAGOGGEND**  
**30 NOVEMBER 2025**  
**OM 09:45**

**KERKSAAL VAN GK PRETORIA-ANNLIN**



### Gereformeerde Kerk Derdepoort

**`70 Jaar**  
**Feesvieringe**  
**Uitnodiging**



Oud lidmate en almal wat belangstel word hartlik uitgenooi na ons gemeente se `70 Jaar Feesnaweek DV **Saterdag 29 November** en **Sondag 30 November**.

**Saterdag:** Kom geniet 'n feesmaal saam met ons vanaf 18:30 in ons kerksaal. Die koste beloop R50 per persoon vir 'n aansit potjiekos ete. U is welkom om al vanaf 14:00 by ons aan te sluit vir lekker kuier en gesels. Daar sal meer as genoeg wees om die jongspan besig te hou.

**Sondag:** Om 09:00 word ons gebruiklike erediens gehou met bediening van die sakrament van die heilige Nagmaal.

Om 12:00 is u welkom om na ons **Kersprogram** te kom luister onder leiding van Susan Steenkamp Swanepoel. Daar sal verversings na die program bedien word.

**Kontak gerus vir Jackie Tredoux by 082 374 3330 vir meer inligting en besprekings.**

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

## AFSKOPKAMP 2026



Kom ervaar 'n kamp vol pret, aanbidding, nuwe vriende en betekenisvolle oomblikke saam met God.

 Elandsfontein Kampterrein,  
Fochville

27 - 30 Januarie 2026

Prys: R650



Kamp is vir almal - Back-a-Buddy  
Help iemand om te kan kamp!

Enige vrae, Kontak gerus:  
Marete du Plessis  
082 874 9145

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

